Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Luthando Sangqu**
Direktoraat: Bestuursrekeningkunde
WCED.NormsandStandards@westerncape.gov.za | 021 467 2608

Lêerno.: 18/5/5
Verwysing: 20250507-5756

Omsendbrief: 0023/2025
Vervaldatum: 31 Maart 2027

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle nie-artikel 21 gewone openbare skole

Kort opsomming: *Besonderhede van die finansiële toewysing aan nie-artikel 21-skole vir die 2026/27-boekjaar en riglyne vir die verkryging van goedere en dienste.*

**Onderwerp: Nie-artikel 21-skole: Norme-en-standaarde-befondsing vir skole, graad 1 tot 12 – finansiële toewysings vir die 2026/27-boekjaar**

1. **Toewysing**

1.1 Toewysings word bereken ooreenkomstig die voorskrifte in paragraaf 108 tot 114 van die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (NNSSB), soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 29179 van 31 Augustus 2006.

1.2 Volgens paragraaf 110 van die NNSSB, dui die Nasionale Teikentabel, soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 51962 of 24 January 2025, die geteikende bedrag per leerder vir 2026 aan. Die geenskoolgelddrumpel sal R1 835 wees.

**Nasionale teikentabel vir die skooltoewysing vir graad 1 tot 12 (2026 tot 2028)**

| Nasionale kwintiel- en skoolgeldstatus | Toewysing per leerder | | |
|---|---|---|---|
| | 2026 | 2027 | 2028* |
| NK1 tot NK5 **Geen skoolgelde** | R1 835 | R1 919 | R2 005 |
| NK4 **Skoolgelde betaalbaar** | R919 | R962 | R1 004 |
| NK5 **Skoolgelde betaalbaar** | R315 | R329 | R344 |
| Geenskoolgelddrumpel | R1 835 | R1 919 | R2 005 |

* 2028 aangepas met geprojekteerde inflasiekoers

1.3 Die **voorlopige norme-en-standaarde- (N&S-) toewysings** vir nie-artikel 21-skole vir die volgende drie jaar, vir die tydperk vanaf 01 April 2026 tot 31 Maart 2029, is op SOBIS beskikbaar. Toegang daartoe kan verkry word deur die volgende te doen:

(a) Teken aan op SOBIS.

(b) Klik "Proceed". Kies dan die "Administration"-opsie op die kieslys en klik op "Norms and Standards Allocation". Kies "N&S 2026/27".

(c) Maak 'n drukstuk van die bladsy vir verslagdoeningsdoeleindes.

1.4 Vir beplanningsdoeleindes is voorlopige toewysings op grond van 2025 se 10de dag Kitsopname-inskrywings bereken.

1.5 Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) sal alle skole se toewysings teen 2026 se 10de dag Kitsopname nagaan om toe te sien dat die toewysings van fondse en die inskrywings vir die betrokke jaar met mekaar ooreenstem.

1.6 Die **finale toewysings** sal teen 15 April 2026 op SOBIS gepubliseer word.

1.7 Skole wat skoolgelde hef sal, waar van toepassing, aanvullende befondsing ontvang indien die som van hul goedgekeurde skoolgelde vir 2025 en hul N&S-toewysing per leerder vir 2026/27 laer is as die norm van geen skoolgelde per leerder. Dit sal bepaal word sodra bevestiging van 2025-skoolgelde ontvang is.

1.8 **Die fondse wat ingevolge hierdie omsendbrief toegewys is, moet teen 31 Maart 2027 bestee word.**

## 2. Benutting van die toewysing

2.1 Die N&S-toewysing is bedoel om niepersoneelitems, asook normale herstelwerk en instandhouding aan die skool se fisiese infrastruktuur te dek.

2.2 Die N&S-toewysing mag die minimum uitgawes dek wat met die volgende verband hou:

(a) **Leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal** (**LOOM**) (kyk paragraaf 3.8 (a) hieronder vir die lys items wat by LOOM ingesluit is).

(b) **Inligtingstegnologie-verwante (IT-verwante) LOOM en/of digitale hulpbronne vir die verbetering van e-Leer**, wat aangewend behoort te word om programmatuur (sagteware) aan te vra, lisensies en intekengeld vir opvoedkundige programmatuur (sagteware), aanlyn aansoeke en die hernuwing van kontrakte of die eiendomsreg op digitale hulpbronne om e-Leer te verbeter, wat versoenbaar is met die IT-apparatuur (hardeware) (rekenaars, ens.) wat tans by die skool gebruik word.

(c) **Plaaslike aankope**, wat skoonmaakmiddels/-toerusting, oorpakke vir skoonmakers en terreinpersoneel, persoonlike beskermende toerusting/klere, skryfbehoeftes, fotokopieerpapier, telefoontoerusting, interkomstelsels en geslotekring-televisiestelsels insluit.

(d) **Munisipale/Eskom-dienste**

(e) **Noodsaaklike daaglikse instandhouding** van skoolgeboue, terreine en toerusting (ongeskeduleerde instandhouding) en herstelwerk om die skool te beveilig.

(f) **Ander lopende uitgawes**, waarby werksessiegelde, TV-lisensies, internetdiensverskaffers, skoollidmaatskap van opvoedkundige verenigings, posgeld, telefoonoproepe, huur van toerusting, ouditgelde, bankkostes, regsdienste, reklame, sekuriteitsdienste, openbare vervoer of leerdervervoer, huur van voertuie, versekering en kopieerdienste ingesluit is.

2.3 Eie inkomste, soos in paragraaf 6 hieronder bedoel, moet eers gebruik word om tekorte in bogenoemde verband te dek voordat dit aangewend word vir die finansiering van beheerliggaamposte.

2.4 **Daar word aanbeveel dat skole hul beskikbare toewysing vir 2026/27 soos volg tussen die onderskeie uitgawekategorieë verdeel:**

(a) 25% vir LOOM-bestellings vir 2027 – elke leerder moet 'n handboek vir elke vak hê en 10% moet vir biblioteekmateriaal gebruik word. Die voorraad skoolbiblioteekmateriaal moet jaarliks aangevul word totdat die totale getal items die minimum internasionale standaard van 10 items per leerder weerspieël.

(b) 15% vir plaaslike aankope.

(c) 10% vir IT-verwante LOOM en/of digitale hulpbronne vir die verbetering van e-Leer.

(d) 25% vir munisipale/Eskom-dienste **(skole moet egter begroot vir 'n groter persentasie as uitgawetendense dit noodsaak).**

(e) 20% vir instandhouding **(waarvan 25% van hierdie toewysing vir herstelwerk om die skool te beveilig, opsy gesit behoort te word)**.

(f) 5% vir ander lopende uitgawes.

**Die verskuiwing van fondse op die WKOD 032-vorm moet teen 25 September 2026 afgehandel wees.**

3. **WKOD 032-vorm**

3.1 WKOD 032-begrotings, wat elektronies via SOBIS beskikbaar is, moet vanaf 15 tot 30 April 2026 aanlyn op SOBIS ingedien word en moet op die finale toewysing, soos in paragraaf 1.6 hierbo genoem, gebaseer wees. Alle nie-artikel 21-skole moet hul N&S-toewysing vir die boekjaar wat op 31 Maart 2027 eindig in die **ses kategorieë** op die WKOD 032-vorm verdeel, naamlik:

(a) LOOM
(b) IT-verwante LOOM/hulpbronne vir die verbetering van digitale en gemengde leer
(c) Plaaslike aankope
(d) Munisipale/Eskom-dienste
(e) Instandhouding
(f) Ander daaglikse uitgawes.

3.2 Die WKOD 032-vorm is elektronies op SOBIS beskikbaar en toegang kan as volg verkry word:
(a) Teken aan op SOBIS en klik op "Proceed".
(b) Navigeer na die "Administration"-kieslys, kies "School Financial Transaction" en kies dan die toepaslike opsie.
(c) Die WKOD 032-vorm sal vooraf ingevul wees vir maklike gebruik.
(d) Lees asseblief die verwelkomingsnota en raadpleeg die stap-vir-stap gids wat op die stelsel beskikbaar is.

3.3 Sodra die WKOD 032-vorms voltooi en ingedien is, sal die WKOD die begrotings noukeurig nagaan. Skole sal in kennis gestel word indien hul WKOD 032-vorms foutief is en sal versoek word om hersiene WKOD 032-vorms in te dien. Indien geen terugvoer teen 08 Mei 2026 ontvang word nie, kan die skool aanneem dat die inligting wat ingedien is, korrek is.

3.4 **Versuim om die WKOD 032-vorm teen die sperdatum van 30 April 2026 in te dien, sal daartoe lei dat die N&S-toewysing in die voorgestelde persentasies, soos in paragraaf 2.4 uiteengesit, verdeel word.**

3.5 **Skole wat skoolgelde hef**

Die totale N&S-toewysing (100%) vir die boekjaar wat op 31 Maart 2027 eindig, moet in die ses kategorieë, soos in paragraaf 2.2 uiteengesit, verdeel word.

3.6 **Geenskoolgeldskole**

Van die totale N&S-toewysing moet 20% teruggehou word vir die lopende bedryf van **niepersoneeluitgawes**. Skole sal in die N&S-toewysingsbrief van hierdie bedrag in kennis gestel word. Hou in gedagte dat hierdie bedrag die skool tot April 2027 moet onderhou, wanneer betaling vir die volgende boekjaar ontvang sal word. Die oorblywende N&S-toewysing (80%) vir die boekjaar wat op 31 Maart 2027 eindig, moet in die ses kategorieë, soos in paragraaf 2.2 uiteengesit, verdeel word.

3.7 Daarbenewens sal die oordragbetalings aan alle nie-artikel 21-skole vir instandhouding en munisipale/Eskom-dienste (vir daardie skole wat hul eie munisipale/Eskom-rekeninge betaal) soos volg betaal word: 50% van die begrote bedrae (soos per die WKOD 032-vorm) sal in April–Mei 2026 betaal word en die oorblywende 50% in Oktober–November 2026.

3.8 **LOOM**

(a) Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) definieer LOOM as enige materiaal wat onderrig en leer direk in die klaskamer of by die huis (tuiswerk) ondersteun en fasiliteer. Dit sluit die volgende in:
  (i) Handboeke, leesboeke, naslaanboeke, voorgeskrewe werke, atlasse en woordeboeke
  (ii) Werkboeke
  (iii) Plakkate, land- en muurkaarte

(iv) Opvoedkundige bordspeletjies
(v) Biblioteekmateriaal (fiksie en niefiksie), naslaanboeke, plakkate en video-opnames, DVD's, CD's, multimedia, ens.
(vi) Rekenaarprogrammatuur (sagteware) en lisensies
(vii) Hulpbronmateriaal vir opvoeders, leerders, klaskamers en biblioteke.

(b) Daar word van skole verwag om hul volle LOOM-toewysing te gebruik vir die aankoop van LOOM wat die implementering van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) in hul klasse sal verryk en versterk. Skole word dus aangemoedig om hul LOOM-toewysing vir die aankoop van aanvullende handboeke, voorgeskrewe werke, atlasse, woordeboeke, werkboeke, plakkate, landkaarte, muurkaarte, opvoedkundige bordspeletjies, biblioteekmateriaal (fiksie en niefiksie), naslaanboeke, video-opnames, DVD's, CD's, rekenaarprogrammatuur (sagteware), sowel as toerusting vir Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies en die wetenskaplaboratorium te benut.

(c) LOOM-befondsing behoort ook vir intekengeld, aanlyn aansoeke en die hernuwing van kontrakte of eiendomsreg op digitale hulpbronne oorweeg te word. Dit stel skole in staat om LOOM-befondsing te gebruik om digitale hulpbronne aan te skaf in die oorgang van tradisionele na digitale leer. Sulke hulpbronne sluit e-boeke sowel as opvoedkundige programmatuur (sagteware) in. Die koste daaraan verbonde is tans soortgelyk aan tradisionele gedrukte handboeke en daar is min/geen noemenswaardige vermindering in koste nie. Daar moet voorsiening gemaak word sodat skole op hierdie dienste/produkte kan inteken.

(d) Onderhewig aan die volgende voorwaardes kan skole minder geld aan LOOM toewys indien—
(i) elke leerder in die skool oor 'n handboek vir elke vak beskik en toegang tot ander LOOM-hulpbronne het;
(ii) die skool jaarliks 10% van die LOOM-toewysing vir die aankoop van biblioteekmateriaal toegewys het om die biblioteekvoorraad aan te vul en die totale getal items in die biblioteekvoorraad nou bestaan uit die minimum internasionale standaard van 10 items per leerder; en
(iii) die beheerliggaam 'n formele besluit aangaande hierdie afwyking geneem het. (Hierdie besluit van die beheerliggaam rakende die begroting wat by 'n ouervergadering voorgelê moet word, moet verduidelik word en die bedrag wat per leerder aan LOOM bestee is, moet voorsien word. Hierdie besluit moet by die ouervergadering voorgelê word, ongeag of dit deur die kringbestuurder ondersteun word of nie.).

(e) Hoe om LOOM te verkry:

(i) Nie-artikel 21-skole moet die voorgeskrewe prosedures in Bylae A volg.

(ii) Waar daar geen amptelike kontrak is nie, sal die WKOD in ooreenstemming met die Provinsiale Tesourie-instruksies, die LOOM-versoeke van alle nie-artikel 21-skole op die Elektroniese Verkrygingstelsel adverteer. Hierdie stelsel laat mededingende bieëry toe in ooreenstemming met die wetgewing wat gepromulgeer is ingevolge die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet 5 van 2000).

(iii) Skole moet alle LOOM-aanvullings kies uit die goedgekeurde nasionale katalogusse wat op die WKOD se webtuiste beskikbaar is by **http://wcedonline.westerncape.gov.za/index.html**

(iv) Die WKOD stel skole jaarliks (deur middel van omsendbriewe en/of minute) in kennis van die tydraamwerke vir die bestelling van KABV-aanvullingshandboeke op SOBIS.

(v) Vir bystand met die kies van skoolbiblioteekmateriaal moet skole met me. Janine Ontong, die EDULIS-koördineerder: Skoolbiblioteekdienste by tel. 021 957 9628 in verbinding tree. Die distriksbeapmte vir skoolbiblioteekdienste kan ook in verband met die ontwikkeling van skoolbiblioteke gekontak word.

3.9 **Munisipale/Eskom-dienste**

(a) Die N&S-toewysing aan skole is bedoel vir die betaling van, onder andere, skole se maandelikse munisipale/Eskom-rekeninge, wat elektrisiteit, water, riool- en vullisverwydering (beskikbaarheid- en gebruikskostes) insluit, maar die betaling van eiendomsbelasting uitsluit. Soos in die verlede, sal die staat die eiendomsbelasting op eiendom wat in die naam van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering, of onder sekere omstandighede, die Republiek van Suid-Afrika geregistreer is, betaal.

(b) Enkele skole het aangedui dat hulle nie hul eie munisipale/Eskom-dienste wil bestuur nie en hulle rekeninge sal steeds deur die betrokke distrikskantore betaal word. Die distrikskantore sal elke maand elke skool van afskrifte van hul rekeninge voorsien sodat dit nagegaan en daar bevestig kan word dat die rekeninge korrek is. **Die WKOD 032-bedrag verteenwoordig dit waarvoor die WKOD aanspreeklik sal wees en dit sal gebruik word om vir munisipale/Eskom-dienste te betaal. Skole sal aanspreeklik wees vir die vereffening van enige munisipale/Eskom-uitgawes aangegaan wat meer is as waarvoor op die WKOD 032-vorm begroot is.**

(c) Nie-artikel 21-skole moet aan die hand van vorige jare se uitgawes plus inflasie-aanpassings, die bedrag bereken wat hulle opsy moet sit vir munisipale/Eskom-rekeninge en dit op die WKOD 032-vorm aandui. Hierdie bedrag en instandhoudingsgelde sal gelyktydig aan daardie skole wat die funksie aanvaar het, betaal word.

(d) **Waar die N&S-toewysing vir munisipale/Eskom-dienste onvoldoende is, word daar van skole verwag om, waar nodig, die toewysing uit hul eie inkomste aan te vul.**

(e) Skole moet steeds die besparingsmaatreëls wat in Bylae B aangedui word, toepas.

(f) Eskom en die meeste munisipaliteite het aangedui dat hulle voorafbetaalde elektrisiteitsmeters aan skole beskikbaar kan stel. Dit sal skole in staat stel om hul elektrisiteitsverbruik beter te beheer. Skole moet Eskom of hul plaaslike munisipaliteit kontak, soos van toepassing, indien hulle voorafbetaalde elektrisiteitsmeters wil laat installeer.

(g) Waar dit blyk dat skole nie hul munisipale/Eskom-rekeninge vereffen nie, behou die WKOD die reg voor om fondse uit die N&S-toewysing terug te hou om uitstaande munisipale/Eskom-rekeninge namens die betrokke skole te vereffen.

(h) Alle skole wat ingestem het om deel te wees van die slim watermeterloodsprojek en wat slim watermeters by hul skole geïnstalleer het, moet befondsing van die munisipale/Eskom-toewysing opsy sit om die maandelikse slim watermeterkoste te dek.

3.10 **Daaglikse instandhouding**

(a) Daaglikse instandhouding is van toepassing op die instandhouding van terreine, reiniging, opknapping, beskermingsdienste, herstel en/of vervanging van gedeeltes van skoolgeboue en sekuriteitsmeganismes. **Gereelde instandhouding moet gedoen word om die agteruitgang van skoolgeboue en noodherstelwerk as gevolg van verwaarlosing te verhoed.**

(b) **Waar die N&S-toewysing vir daaglikse instandhouding onvoldoende is, word van skole verwag om, waar nodig, die toewysing uit hul eie inkomste aan te vul.**

(c) Skole moet vir hul daaglikse instandhoudingsherstelwerk na gelang van die toestand van hul skoolgeboue en -terreine begroot.

(d) Skole behoort ook 'n bedrag van hul jaarlikse toewysing vir daaglikse instandhouding opsy te sit vir die—
   (i) instandhouding van toerusting wat gebruik word om die skoolterrein te verbeter, bv. onderhoud van die grassnyer, die aankoop van verf vir tuinbanke op die skoolterrein, en die aankoop van kalk en kunsmis;
   (ii) instandhouding van brandbestrydingstoerusting, d.w.s., brandslange, brandwiele, geskikte brandblussers, ens.;
   (iii) noodinstandhouding van sekuriteitsmeganismes of beskermingsdienste wanneer die bestaande sekuriteitsmeganismes (met inbegrip van outomatiese hekke, hekmasjinerie, ens.) by die skool beskadig is as gevolg van inbraak, vandalisme of veroudering; en

(iv) instandhouding van omheining en ander sekuriteitsmeganismes (bv. alarms, interkomstelsels, ens.).

(e) N&S-toewysings mag nie gebruik word vir daaglikse herstelwerk aan koshuise nie. Sodanige herstelwerk moet uit leerders se losiesgeld en beurse befonds word.

3.11 Skole moet die toewysings vir die instandhouding van geboue, terreine en toerusting as 'n enkelbedrag op die WKOD 032-vorm aandui.

3.12 Waar nie-artikel 21-skole hul N&S-toewysings om watter redes ook al oorskry, mag die WKOD enige oorbesteding uit die volgende boekjaar se N&S-toewysing van die skool verhaal. Dit behoort egter nie gesien te word as aanmoediging vir skole om hul N&S-toewysings te oorskry nie.

4. **Die N&S-toewysing mag <u>NIE</u> vir die volgende gebruik word <u>NIE</u>:**
(a) **Besoldiging van personeel wat deur die beheerliggaam aangestel is**
(b) **Nuwe geboue**
(c) **Koshuisuitgawes**
(d) **Lenings aan individue of ander inrigtings**
(e) **Enige kapitaalitems > R5 000**

5. **Groot noodherstelwerk**

Ingevolge paragraaf 97 van die NNSSB moet die DBO en/of die WKOD buiten die skooltoewysing, na hulpbronmeganismes soek om onder andere aandag te gee aan dringende herstelwerk aan die infrastruktuur wat die direkte en/of indirekte gevolg is van historiese onbillikheid ten opsigte van uitgawes en natuurrampe. Die volgende herstelwerk sal ooreenkomstig die Standaardbedryfsprosedures vir Noodinstandhouding in Wes-Kaapse Skole, 2021 oorweeg word:

| KATEGORIE A |
| --- |
| **Ernstige skade:** Ernstige skade aan die infrastruktuur as gevolg van historiese onbillikheid ten opsigte van uitgawes, natuurrampe, struktuurfoute en/of brande wat 'n negatiewe impak op die voortgesette bedryfsvermoë van 'n skool het en/of 'n gesondheids- en veiligheidsrisiko vir leerders en/of personeel inhou.<br><br>Die WKOD sal die implementering van noodherstelwerk oorweeg as 'n skool nie die nodige beskikbare fondse het nie (die instandhoudingstoewysing is uitgeput), en/of nie die nodige vaardigheid het om sodanige werk uit te voer nie, mits die WKOD voldoende fondse beskikbaar het. |

6. **Eie inkomste**

Ingevolge artikel 36(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), moet beheerliggame alle redelike stappe doen om die staatshulpbronne aan te vul ten einde die gehalte van onderwys wat deur die skool **aan alle leerders by die skool** voorsien word, te verbeter. Alhoewel geenskoolgeldskole nie verpligte skoolgeld (met inbegrip van registrasiegelde) mag hef nie, word hulle aangemoedig om vrywillige bydraes (donasies) te werf en by fondsinsamelingsfunksies betrokke te raak.

7. **Verslagdoening**

7.1 Die goedgekeurde begroting van die skool moet jaarliks teen 01 Desember by die betrokke distrikskantoor ingedien word.

7.2 Alle skole moet binne 30 dae na die einde van die kwartaal (uitgawes tot 31 Maart, 30 Junie, 30 September en 31 Desember) 'n WKOD 043-vorm (kwaartalikse verslag) by die betrokke distrikskantoor indien. Voorts vereis artikel 43(5) van die SASW dat skole (vir die aandag van die betrokke distriksdirekteur) jaarliks teen 30 Junie 'n afskrif van hul stel geouditeerde finansiële state vir die vorige boekjaar voorlê.

7.3 Fondse sal slegs aan 'n skool oorbetaal word as die distrikskantoor dit as finansieel gesond sertifiseer, gebaseer op die finansiële bedrywighede van vorige kwartale. **Voorts, indien 'n skool nie teen 13 Maart 2027 as finansieel gesond gesertifiseer word nie, kan die skool enige N&S-befondsing wat nog nie oorbetaal is nie, verbeur.**

8. **Verdere voorwaardes**

8.1 Die beheerliggaam moet behoorlike beheer oor inkomste en uitgawes uitoefen, soos uiteengesit in die *Handleiding: Basiese Finansiële Stelsel vir Skole*, uitgereik deur die Hoof van die Departement ingevolge artikel 37(1) van die SASW. Indien die lede van die beheerliggaam nie oor die nodige kundigheid beskik om hierdie funksie te verrig nie, moet hulle iemand koöpteer wat hulle kan help.

8.2 Alle skoolfondse, verkry van die staatstoewysing en eie inkomste, moet aangewend word vir doeleindes wat direk met onderwys verband hou, soos bepaal in artikel 37(6) van die SASW, met inbegrip van die aankoop van LOOM. Ingevolge WKOD-beleid mag handboeke en leesboeke nie gefotokopieer word nie, aangesien dit neerkom op skending van die Wet op Outeursreg, 1978 (Wet 98 van 1978).

8.3 Die WKOD het die reg om skoolfondsrekords te ondersoek en teen enige lid van die personeel of die beheerliggaam op te tree indien hy of sy by die wanadministrasie van skoolfondse betrokke sou wees. Daarom moet skole alle bewyse van inkomste en uitgawes vir hierdie doel bewaar.

9. **Aansoek om verandering van nie-artikel 21-status na artikel 21-status**

Aansoeke om te verander van nie-artikel 21-status na artikel 21-status moet op die aangehegte aansoekvorm (Bylae C) via die distrikskantoor ingedien word om Hoofkantoor op of voor **28 Februarie 2026** te bereik. Suksesvolle skole sal eers vanaf die aanvang van die daaropvolgende boekjaar artikel 21-status ontvang, d.w.s. met ingang van 01 April 2026.

**Met ingang van April 2027 sal laat aansoeke vereis dat daar weer aansoek gedoen moet word vir status as artikel 21-skool.**

10. **2025/2026-toewysing**

**Die fondse wat ooreenkomstig Omsendbrief 0024/2024, gedateer 21 Augustus 2024, aan skole toegewys is, moet voor 13 Maart 2026 deur skole bestee word.**

11. **Kontaknommers vir navrae**

| Onderwerp | Naam | Tel. |
|---|---|---|
| Sesmaandelikse WKOD 043-verslae en geouditeerde finansiële jaarstate | Adjunkdirekteur: Korporatiewe Dienste by distrikskantoor | Toepaslike distrikskantoor |
| Aankope van LOOM (WKOD 034), plaaslike aankope (WKOD 026) via SOBIS en aanlyn handboek- (KABV) bestellingsnavrae | Me. L John<br>Me. F Bedford | 021 467 2345<br>021 467 2018 |
| Algemene navrae oor betalings | Me. N Mtongana<br>Me. N Petersen<br>Mnr. B Teyise | 021 467 2703<br>021 467 2701<br>021 836 1306 |
| Noodherstelwerk | Mnr. N Sutcliffe<br>Me. Z Gambula<br>Mnr. C van den Heuvel<br>Mnr. E Dikiso<br>Mnr. K Sibanda | 021 467 2568<br>021 467 2091<br>044 803 8322<br>021 467 2566<br>021 467 2877 |
| e-Leer<br>EDULIS-koördineerder: Skoolbiblioteekdienste | Me. M Jonas<br>Mnr. T Cloete | 021 828 3067<br>021 957 9626 |
| Algemene navrae: Norme en Standaarde (navrae wat verband hou met oordragbetalings is uitgesluit) | Me. G Jini<br>Mnr. L Sangqu<br>Mnr. E Bezuidenhout<br>E-posadres: WCED.NormsandStandards @westerncape.gov.za | 021 467 2191<br>021 467 2608<br>021 467 2192 |

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2025-08-22